26 Julie 2020

Hoërskool Kategese

Romeine 8:26-39

nouS
praktiese wysheid...

wat wil jy vandag bereik?

Vandag se goeie nuus is dit: Niks kan ons van God se liefde skei nie. Ons gesels saam oor gebed.

Ons gesels oor vrese en hoe ons soms voel dat dit ons van God skei.

Let wel dat hierdie materiaal opgestel is, tydens die COVID-19 *lockdown* van 2020. Die materiaal is dus opgestel met die oog op gesprekke via Whatsapp, Zoom of HouseParty of watter platform op sosiale media jy sou verkies.

Soos altyd glo ons dat die gesprek (die *journey*) belangriker is as die antwoorde (die *destination*). Maak dus ruimte daarvoor dat die gesprek mag afdwaal – ons glo immers dat die Heilige Gees in beheer is van die gesprek, nie ons nie.

Wees veral gereed om eerlik oor jou vrese te gesels. Onthou, ons is almal angstig - omdat die toekoms onsekerder is as ooit. Dis egter juis vir sulke tye wat ons 'n geloof het wat die moeite werd is om aan vas te hou!

Bly naby mekaar - al doen ons die hele *social distancing* ding!

ons storie: ysbreker (hier en nou)

Vertel mekaar mekaar van 'n keer toe alles nie uitgewerk het soos wat jy gehoop het dit sou nie.

Noem 'n paar dinge waarvoor julle regtig bang is. (bv. Wiskunde-toetse, Zombies, ens.)

Waarom, dink julle, sukkel ons so om te bid? Nie net om voor ander mense te bid nie, maar selfs wanneer ons alleen is?

word stil

Lees Psalm 105:1-11 as 'n gebed.

Dink hieroor na:
Die verbond (die kontrak) wat God met jou gesluit het, beteken dat Hy altyd jou God sal wees. Hy sal jou nooit 'drop' nie. Hoe laat dit jou voel? Kan jy dink aan kere wat jy kon sien/ervaar hoe God sy verbond in standhou?

GOD se storie
wat sê die Bybel (daar en dan)

lees Romeine 8:26-39

Lees dit ook in The Message, Die Boodskap en die ABA (Die Bybel vir Almal) – al hierdie vertalings is gratis op YouVersion

gesels dan oor die volgende saam

Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het.
Of enige vrae wat jy nou het.

Paulus sê jy hoef nie te *worrie* oor jou gebedslewe nie. Die Heilige Gees *cover* jou. Lees vers 26 en 27 en gesels dan wat dit vir julle beteken. Is dit dan enigsins nodig om nog te bid?

Beteken vers 28 dat daar niks slegs met kinders van die Here gebeur nie?

Vers 35-39 is 'n lys van al die dinge wat Paulus bang gemaak het, maar wat hy nou oorgee aan God. Jy kan gerus hierdie vers in jou Bybel onderstreep. NIKS KAN ONS VAN GOD SE LIEFDE SKEI NIE. Hoekom kan dit jou laat beter voel?

Romeine 8:28 bevestig die sê-ding: "God kan met 'n krom stok 'n reguit lyn trek!" Ken jy ook mense (krom stokke) wat God in Sy diens gebruik?

"There is no situation so chaotic that God cannot from that situation, create something that is surpassingly good. He did it at the creation. He did it at the cross. He is doing it today." (Handley C. G. Moule) Wat sê dit oor jou planne wat jy dink nie uitwerk nie?

Probeer om 'n gedig te skryf waarin jy vir God sê wat jou nou op hierdie oomblik die bangste maak, wat laat jou vêr van God se liefde af voel. Hoe sal jou gedig eindig? Donker? Treurig? Of met hoop?

Of gebruik enige kunsmedium waarmee jy gemaklik is. Drama, beeldende kuns, musiek.

Gebruik die #NiksKanMyVanGodSeLiefdeSkeiNie – en deel dit op sosiale media, sodat God die eer kan kry.

ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons. Verder en Voor

Baie mense leef vandag as WAM's ("What about me?").
Wees eerder 'n WAY ("What about you?")

Luister na die lied 'Ek sal daar wees'. https://youtu.be/mSYVYSi2cXU

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte?
Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Onthou julle nog die ABC van gebed?

Aanbidding
"Here, ek aanbid U, want..."

Belydenis
"Here, vergewe my vir..."

Voorbidding
"Ek bid vandag vir..."

Danksegging
"Dankie, vir..."

Eie behoeftes en toewyding
"Here, help my om..."